

Geldsake

Elton Jantjies se dieetplan is 'n les vir jou spaargeld

Pas streng dissipline toe om jou finansiële lewe in orde te kry

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Ek wou al lankal skryf oor die raakpunte tussen 'n dieetplan en 'n finansiële plan. Min of meer wou ek skryf dat die goeie bedoelinge met sulke planne baie keer net nie tot uitvoering kom nie. En dan die redes daarvoor bespreek.

Verlede Sondag se hoofberig, "Elton, Bok-vrou in gastehuis-skande", het my beplanning so 'n bietjie vervroeg. Die berig vertel van die (gewese?) Bok-losskakel Elton Jantjies se kafoefel met Zeanat Simjee, die Bok-span se dieetkundige. Kompleet met 'n gillettjie of twee.

Hoërsorg vir 'n gebrekkige dieet? Of het die rugby-tweetjies maar net vir 'n oomblik hul oog van die bal af gehaal? Laat my dink aan 'n ander byna eenderse dieet-storie. Die een van Adam en Eva en die appel. En die slang.

Ons weet almal wat die gevolge van daardie een was. Maar in rugby? Kyk, ek kan verstaan dat 'n rugbyspan 'n fisioterapeut sal saamneem op toer. Daar is mos darem soms 'n seer wat uit 'n spier gevryf moet word. Maar die dieetkundige? Wat is daar nou in 'n dieet wat uitgevryf moet word?

Dalk sal die Suid-Afrikaanse Rugby-unie (Saru) nog vir ons hierdie een verduidelik aan die hand van sy standpunt dat "geen span-protokolle oortree is nie". 'n Dieetkundige, in my beperkte verstaan van die mediese wêreld, skryf tog 'n dieetplan voor. (Net soos wat ek 'n fi-



nansiële plan vir my kliënte voorskryf.) En dan moet die kliënt net die plan volg. Niemand het my byvoorbeeld nog saam oorsee genooi om seker te maak sy of hy gee nie te veel geld uit nie.

Uitstel, dis die probleem
Goed, nou is ons terug by geld en ons lewens eers die rugby. Maar ek gaan bly by dieet - 'n geld-dieet.

Ek hoor nou die dag dat sowat 40% van mans en 70% van vroue in ons land oorgewig is. Dalk van te veel TV (rugby?) kyk en self nie hard genoeg speel nie. Gebrek aan oefening is my diagnose. Verkeerd eet is wat die dieetkundiges byvoeg.

Ons almal weet dit is ongesond. Oorgewig kan lei tot hartkwalie en diabetes. Onder meer.

In my wêreld weet ons dat sowat 90% van Suid-Afrikaners nie genoeg voorreëning maak vir aftrede nie. Ons weet almal wat die gevolg daarvan gaan wees. Ons weet dit gaan eindig in finansiële elende op die oudag. Rubrieke soos dié en algemene nuusartikels wys dit gereeld uit.

My vraag is hoekom? Ek is seker nie-

mand staan koud daarteenoor nie.

Uitstel is die rede, glo ek. Jy kan weet wat jy wil doen en wat jy moet doen. Maar as uitstel eers 'n gewoonte geword het, is jy in die moeilikheid. Dit maak nie saak of ons praat van 'n dieet volg, 'n finansiële plan volg, of werk wat gedoen moet word nie.

En terwyl ons vandag so na aan die romantiese beweging. Selfs met vry. Uitstel werk nie.

Lees maar oor die nuwe Britse koning, Charles. Het hy nie sy oorspronklike liefling Camilla aanvanklik verloor, juis omdat hy haar onder sy vry-voete laat groei het nie?

Ek sien Maretta Bellingan het in haar rubriek verlede naweek, "Die eensame bobbejaan agter die bult prys sy stert" uit ene "Clyde se wet" aangehaal. Kortliks, as jy lank genoeg uitstel, sal iemand anders dit vir jou doen.

In die geval van koning Charles se Camilla dalk, ja. Maar ek dink Clyde is mal in sy kop. Niemand het nog iets vir my gedoen wat ek uitgestel het, of te lui voor was nie. En niemand gaan vir jou begin spaar as jy dit nie self doen nie.

Net soos niemand jou dieet vir jou kan

volg nie. Watter waarde het Jantjies se "spesiale dieet" byvoorbeeld bygedra tot daardie swaargewigte in die Bok-voorry? Ons los maar die name, kyk rugby.

Selfdissipline

Nee, jy moet self inspring. Self inspring beteken jy moet dissipline deel van jou lewe maak. Of dit nou 'n dieetplan is, of om jou finansiële lewe in orde te kry. As jy nie dissipline het nie, kan jy maar handdoek ingooi en toelaat dat die lewe met jou maak wat hy wil.

Ek het my kinders van kleins af geleer, daar is redes en daar is verkonings waarom goed gedoen word, of nie gedoen word nie. Moenie die twee verwar nie.

Self inspring beteken nie jy moet, soos ek soms hoor, "eie navorsing doen" nie. Dit is baie gevaarlik. As jy nie die finansiële kennis het nie, en min mense het dit, kry vir jou 'n kundige om vir jou 'n finansiële plan op te stel. Een met bepaalde doelwitte en maniere oor hoe om dit te bereik.

Alles begin met 'n plan. En dan die dissipline om dit te volg.

Versoekings sal daar altyd wees. Maar om bottels Moët & Chandon Nectar Impérial saam met jou dieetkundige te geniep maak dit nie 'n gesondheidsdrankie nie.

Teen R2 000 per bottel sal my geldhart in elk geval stuipe kry. Ons eie MCC-vonkels is baie goedkoper en smaak heel goed. Ek kan self getuig. Vars oesters daarmee saam bied sekere gesondheidsvoordele ook, verneem ek.

Spaar liewer daardie ekstra geld vir aftrede, sodat jy eendag jou aftrede kan geniet.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen